

MAAK JOU EIE Josefskleed

As die geld min is, kyk 'n slag anders na wat jy reeds het. Dit lyk miskien na waardelose rommel, maar jy kan tog baie daarmee doen! Deur Riana van der Merwe

Kleurryke Onderbaadjie

AFKORTINGS

AP = agterpant
VP = voorpant
MA = middel agter
MV = middel voor
BEL = belegsel
RK = regte kant
VK = verkeerde kant

ALGEMENE AANWYSINGS

- Was kledestof vooraf sodat dit kan krimp.
- Gebruik bypassende masjiengare.
- Pars werk namate kledingstuk vorder.

BENODIGDHEDE

Minstens 8 verskillende stukke kledestof – 'n goeie verskeidenheid (sien wenke), sowat 20 cm van elk; voeringstof vir hele onderbaadjie: 1,8 m van 90 cm breed; patroonplaat van karton of plastiek van 6 x 6 cm; bypassende masjiengare; 4 knope.

MAAK SÓ

1. Trek op die VK van stowwe patroonplaatjie met potlood na sodat jy altesame 208 vierkantjies het. Knip alle vierkantjies met naattoelating van 7 mm rondom uit.
2. Lê die blokkies in stroke van 16 lappies – dus 13 stroke. Sorg dat jy 'n goeie afwisseling tussen lig en donker en verskillende teksture verkry. As jy stukkies lap met gaatjies, soos Engelse borduurstof, gebruik, kan jy 'n interessante voorkoms verkry deur verskillende kleure as agtergrond daarvoor te gebruik.
3. As jy tevrede is met die samestelling van jou blokkies, stik hulle met die RK teen-



mekaar op die potloodlyn vas sodat jy 13 stroke het. Stryk nate met naattoelatings na een kant toe.

4. Stik nou die stroke aan mekaar vas: sorg dat die hoekies presies op mekaar val en nie by mekaar verbysteek nie. Stryk naattoelatings na een kant toe.
5. Vergroot patroondele volgens skaal. Gebruik blokpatroonpapier en teken oor in ware grootte. Naattoelating van 1 cm is ingereken. Knip die voorpante uit laslapwerk. Knip afsonderlik uit sodat lyne presies teenoor mekaar lê. Knip uit voeringstof 2 voorpante en 2 agterpante op die vou. Knip ook 2 bandjies.

6. Vou bandjies dubbel met lang sye opmekaar, stik een kort sy en lang sy toe en dop om. Stryk en maak bo-stiksel op rand. Steek bandjies op agterpante vas soos aangedui.

7. Stik pylinate van alle pante. Stik skouernate van voering en onderbaadjie. (Skets 1) Steek nou voering en onderbaadjie met RK teenmekaar, op halslyn, middel voor en nate tot 5 cm vanaf synaat, vas. Steek ook mousgate en soomrand van agterpant, tot 5 cm van synate af, vas. Stik al dié nate vas. (Skets 2) Keer om sodat RK buite is.

8. Stik synate van onderbaadjie. Werk voeringnaat met glipsteke vas. Werk stukkies van soom en mousgat wat oopgelaat is met hand toe. (Skets 3) Stryk rande deeglik en maak randstiksel indien verkies.
9. Maak knoopsgate en werk knope vas.

WENKE


- **Kies kledestof só:** Besluit op 'n basiese kleurskema (hier het al die kleure 'n geelgroen ondertoon). Jy kan ook besluit om helder kleure te gebruik. Dan is die helderheid van

jou kleure die gemene deler. Sorg vir afwisseling in teksture en patrone deur verskillende veselsoorte soos linne, sy, ruwe sy, katoen, wolstof en sintetiese stowwe te gebruik. Die manier waarop die kledestof gemaak is, soos jacquard, borduurstowwe, die weefmetode ensovoorts sorg ook vir afwisseling in tekstuur. Jy kan bedrukte stowwe vir afwisseling gebruik. Al klink dit na 'n lekker bont spul, sorg jou kleurkeuse vir eenvormigheid. Eksperimenteer gerus!


- As jy al jou vierkantjies uitgeknipt het, pak hulle uit in rye soos jy hulle wil vaswerk. Skuif hulle rond tot jy tevrede is. Steek vas op 'n handdoek en hou dit voor jou. Kyk dan in die spieël sodat jy kan sien hoe dit van 'n afstand af lyk. □

IETS


GEMAAK VAN
NIETS



SKETS 1



SKETS 2



SKETS 3